
**Publication:** Beeld Naweek
**Page:** 13
**Title:** Israel slaan toe op Iran, streekoorlog moontliker
**Publish Date:** 20 April 2024
**AVE:** 80158.32
**Author:** Dennis Delport



'n Israeliese vlag wapper Vrydag op die Olyfberg wat 'n uitsig bied op Jerusalem en die Al Aksa-moskee in die stad. Foto: AFP

# Israel slaan toe op Iran, streekoorlog moontliker

## Kenners verwag nie nou 'n bedreiging van kernwapens

**Dennis Delport**

Die wêreld stuur nie af op 'n derde wêreldoorlog nie, maar die konflik in die Midde-Ooste het gewis die potensiaal om in 'n streekoorlog te ontaard.

Kenners meen dit kan reeds die situasie wees, maar sê daar is nie tans 'n bedreiging van kernwapens nie.

Israel het gisteroggend 'n aanval op Iran uitgevoer. Drie ontploffings is naby 'n groot militêre lugmagbasis naby die Iranese stad Isfahan gehoor, het staatsmedia in Iran vroegoggend berig.

Iran se lugverdedigingstelsels is toe op verskeie plekke geaktiveer.

Die land ontken egter dat daar 'n missielaanval was.

Brig.genl. Siawasj Mihandoest, 'n senior militêre bevelvoerder in Isfahan, het aan die nuusagentskap Tasnim gesê daar is "geen skade" nie en die geluide wat gedurende die nag gehoor is, was as gevolg van lugverdedigingstelsels wat 'n "verdagte voorwerp" geteiken het.

Benjamin Netanyahu, premier van Israel, het gesê sy land sal terugveg nadat Iran op 13 April hommeltuie en missiele op Israel afgestuur het.

### Redes

Dit was Iran se eerste regstreekse aanval tot nog toe op Israel en is geloods ná 'n vermeende Israelse lugaanval op sy Siriese ambassadekompleks in Damaskus op 1 April.

Vyf van Iran se top-veiligheidsamptenare is in die aanval dood.

Dit word beskou as deel van 'n wyer eskalasie sedert die oorlog in Gasa verlede jaar begin het, maar die twee nasies se vyandskap strek dekades terug.

Amerika is blykbaar ook Donderdag in kennis gestel van 'n beoogde Israeliese aanval in die komende dae.

Niemand is in gisteroggend se aanval in Iran dood nie.

### Moontlike wêreldoorlog?

Prof. Theo Neethling, politieke en militêre kenner verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat, sê die gespanne situasie tussen Iran en Israel sal nie tot 'n wêreldoorlog lei nie, maar dit het wel die potensiaal om tot 'n streekoorlog te lei.

"Wat Iran en Israel betref, staan Iran nie alleen nie. Hulle het Hezbollah en die Hoethi-rebelle aan hul kant. Hezbollah is 'n ou vyand van Israel en dit sal nie veel verg om hulle by die oorlog te betrek nie. Die ding kan ontaard in streekkonflik, maar definitief nie 'n wêreldoorlog nie.

"Alles wat nou in Israel hieroor besluit word, kom van 'n driemankabinet: Netanyahu, die minister van verdediging (Yoav Gallant) en 'n man met die naam Benny Gantz (minister sonder portefeulje).

"Ons moet onthou dat die Israelse regering in 'n baie harde regse politieke omgewing funksioneer.

"Dit is interessant dat Iran nie veel maak van die aanval nie. Hulle onderspeel dit. Hulle het nog geen verwysing na Israel gemaak nie."

> "Suid-Afrika sal hom nie openlik by Iran skaar nie omdat Iran 'n groot vyand van Amerika is en ek dink Suid-Afrika sal versigtig wees om Amerika verder om te krap."

Neethling sê die bedreiging van kernwapens, wat sowel Iran en Israel besit, is tans ook baie swak.

"Trouens, 'n mens kan eerder diplomatieke pogings verwag om 'n moontlike streekoorlog te verhoed."

### Kante kies

Hy sê Suid-Afrika sal in hierdie geval ook nie kant kies nie. "Suid-Afrika is vierkant agter die Palestyne en Iran ook. Suid-Afrika sal hom nie regstreeks of openlik by Iran skaar nie, maar 'n mens kan wel sê dat daar onregstreekse steun is. Iran is nou deel van die Brics-lande.

"Suid-Afrika sal hom nie openlik by Iran skaar nie omdat Iran 'n groot vyand van Amerika is en ek dink Suid-Afrika sal versigtig wees om Amerika verder om te krap, veral ná die konflik tussen Israel en die Palestyne."

Prof. Barend Prinsloo, 'n kenner van internasionale en nasionale veiligheid verbonde aan die Noordwes-Universiteit (NWU), meen daar is reeds streekkonflik in die Midde-Ooste. "Dit sluimer nog. Niemand wil 'n volskaalse oorlog daar hê nie. Amerika en Rusland het reeds vir Israel gesê hulle moet die oorlog staak.

"Daar is nie mense dood nie (in die aanval op Iran); dit is meer 'n simboliese aanslag van Israel om te wys hy kan meer doen en dat hy nie verder gedruk moet word nie. Iran wil ook daardie boodskap oordra.

"Dit sal ook nie na kernwapengevegte oorgaan nie. Kernwapens maak nie 'n einde aan 'n oorlog nie; dit lei tot meer wraakaanvalle.

"Die streekkonflik bly sluimer, maar dit is beslis nie by 'n gevaarpunt nie," sê Prinsloo.

Ná die nuus van Israel se militêre operasies teen Iran het die Suid-Afrikaanse rand ook teenoor die Amerikaanse dollar verswak. Die rand het gister by tye teen meer as R19 teenoor die dollar verhandel.

### Plaaslike ekonomie

Die ekonoom Dawie Roodt het gister gesê die konflik in die Midde-Ooste sal die Suid-Afrikaanse ekonomie op verskeie gebiede raak. "Dit sal handel beïnvloed, asook die pryse van hulpbronne soos olie. Dit beïnvloed weer ons inflasie en rentekoers. Die Suid-Afrikaanse regering se standpunt (oor die nuutste konflik) sal ook 'n uitwerking hê.

"Die grootste invloed sal op die wisselkoers wees. Die konflik in die Midde-Ooste, sowel as die komende verkiesing in die land, het tans nie 'n goeie invloed op die land nie."

www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.